JeugPro - Intreelidmaatskap

Bepalings en voorwaardes:

- Indien die kwalifiserende intreelid direk voor aansluiting as intreelid, 'n lid van Solidariteit Jeug was, kwalifiseer hy/sy onmiddellik vir telefoniese arbeidsregsadvies.
- Indien 'n potensiële lid tussen die ouderdom van 18 jaar en 25 jaar is en by 'n kollektiewe maatskappy werksaam is, sal die intreelidmaatskap nie van toepassing wees nie omrede die lid reeds alle voordele geniet wat in die ooreenkoms met die kollektiewe maatskappy vervat is.
- Indien die intreelid opgradeer na volwaardige Solidariteit-lidmaatskap, sal die volgende wagperiodes op arbeidsregsverteenwoordiging van toepassing wees:

    - Indien die lid vir langer as drie (3) maande 'n intreelid was, het hy/sy geen wagperiode nie, mits die persoon nie met 'n bestaande probleem opgradeer na volwaardige Solidariteit-lidmaatskap nie.
    - Indien die lid vir minder as drie (3) maande 'n intreelid was, sal die wagperiode van toepassing wees vanaf die dag van aansluiting as intreelid. Individuele lede het 'n driemaandewagperiode en kollektiewe lede het 'n maandwagperiode mits die persoon nie met 'n bestaande probleem opgradeer na volwaardige

Solidariteit-lidmaatskap nie. Met ander woorde, indien die intreelid twee maande voor hy/sy opgradeer na volwaardige Solidariteit-lidmaatskap aangesluit het as intreelid, sal die lid 'n maandwagperiode hê.

- Dit bly elke lid se verantwoordelikheid om toe te sien dat hul lidmaatskapgelde op datum is.
- Geen intreelid mag ledegeld vooruit of terugwerkend betaal met die uitsluitlike doel om vir die voordele te kwalifiseer nie.
- Dieselfde bepalings vir die beëindiging van volwaardige Solidariteit-lidmaatskap is van toepassing indien intreelede hul lidmaatskap wil beëindig.
- Intreelidmaatskap is geldig vir 12 maande alleenlik, slegs tot en met die ouderdom van 25 jaar. Indien die persoon vir meer as een jaar praktiese werksondervinding as deel van sy/haar studie moet voltooi, raai ons aan dat hulle vanaf hul tweede jaar opgradeer na volwaardige Solidariteit-lidmaatskap om sodoende volledige voordele te kan geniet.
- Solidariteit sal met die intreelid in verbinding tree om sy/haar lidmaatskap op te gradeer na volwaardige Solidariteit-lidmaatskap voor sy/haar vervaldatum van intreelidmaatskap. Dit is die lid se verantwoordelikheid om te verseker dat sy/haar kontakbesonderhede vir hierdie doel op datum bly.

- Om te kwalifiseer vir die 20%-korting by Akademia, geld die standaard bepalings en voorwaardes vir hierdie voordeel:

    - Lede moet reeds 'n volopbetaalde intreelid wees teen die voorafgaande September van die jaar waarvoor daar om die studiekorting aansoek gedoen word.
    - Tot en met die ouderdom van 21 jaar, kan die intreelid vir hierdie studiekorting as deel van sy/haar ouers se Solidariteit-voordele kwalifiseer.
    - Lede moet vir die volle tydperk van die akademiese jaar waartydens die studiekorting geld, 'n volopbetaalde lid van Solidariteit bly.
    - Dit bly elke lid se verantwoordelikheid om toe te sien dat hul lidmaatskapgelde volopbetaal bly vir die tydsduur wat die studiekorting geld.
    - Geen aansoeker of lid mag ledegeld vooruit of terugwerkend betaal met die uitsluitlike doel om vir die studiekorting te kwalifiseer nie.
    - Die maksimum studiekorting is 20%, ongeag of die Solidariteit Boufonds of Solidariteit Regsfonds ook ondersteun word.
    - Die studiekorting is nie op aansoek-, eksamen-, en boekgelde van toepassing nie.
    - Die aansoek om studiekorting moet voor die aanvang van Akademia se akademiese jaar tydens die Akademia aanlyn

aansoekproses gedoen word, en geen aansoek wat na aanvang van die akademiese jaar ontvang word, sal oorweeg word nie.

- Die student is nie geregtig op studiekorting in die daaropvolgende jaar vir enige vak waarop daar reeds studiekorting toegestaan was nie.
- Die voorgenome student moet aan die toelatingsvereistes van Akademia voldoen.
- Die studiekorting sal slegs betaalbaar wees vir die maksimum tydperk wat die studieprogram geskeduleer word, d.w.s. indien die studieprogram oor twee jaar strek, mag daar slegs vir twee jare om die studiekorting aansoek gedoen kan word.
- Hierdie studiekortingvoordeel kan sonder enige kennisgewing van jaar tot jaar deur Solidariteit opgeskort of verander word en lede sal geen reg of aanspraak op hierdie studiekorting teenoor Solidariteit hê nie.
- Die volle studiekorting wat toegestaan is, word verbeur en is terugbetaalbaar indien daar nie aan die bepalings hieronder voldoen word nie.

    - Indien die student sy studies staak.
    - Indien die student nie die kursus voltooi nie.
    - Indien die student van studierigting verander.